# Klein Sterretjies SPEELGROEP

# Inligtingstuk 2025

*Die speelgroep waar kleuters so speel-speel al hoe slimmer word.*

amelia@kleinsterre.co.za | +27 82 924 0994
Garsfontein | Pretoria | www.kleinsterre.co.za

Klein Sterretjies is ‘n privaat speelgroep waar kleuters in ‘n liefdevolle omgewing kan speel en leer. Hier leef ons Christelike beginsels en waardes uit. Ons is eksklusief halfdag met al die voordele daaraan verbonde.

## MEER OOR ONS PERSONEEL

### Amelia Snyman

*BA(HOD) BEd (Voorligting) MEd (Opvoedkundige Sielkunde) (Unisa)*

Die hoof en eienaar is ‘n gekwalifiseerde Opvoedkundige Sielkundige. Die behoefte is raakgesien om kleuters die geleentheid te gee om in ‘n kleiner, huislike omgewing te ontwikkel en gereed te word vir skool en die wêreld daarbuite. Natuurlik steeds met genoeg maatjies om sosiaal optimaal te kan ontwikkel. Die speelgroep is in 2002 begin en ons eerste groep kleuters het reeds graad gevang en die werksmag betree.

### Minette du Preez

*B(Arbeidsterapie) US*

‘n Gekwalifiseerde arbeidsterapeut. Sy is vanaf 2007 deel van Sterretjies, eers as ‘n mamma waarna sy in 2015 ‘n Sterretjie-juffrou geword het. Met arbeidsterapie as agtergrond, is sy ‘n juffrou met baie begrip en insig in kleuters se vaardighede en ontwikkeling op alle gebiede.

### Jolandé du Preez

*BEd (Intermediêre fase) BEd Hons (Leerderondersteuning) UP*

‘n Gekwalifiseerde onderwyseres met baie liefde vir en verstaan van kinders. Hierdie energieke dame met haar eie tweeling, het ‘n natuurlike aanslag en hope geduld met kleuters. Haar liefde vir kinderhartjies is duidelik sigbaar in haar optrede teenoor hulle.

## KLASSIES

Klein klassies vir individuele aandag. Ons beperk die aantal kinders in die skool, wat in drie klassies verdeel word. Die Goggaklas (by Amelia) is ingerig vir die jongste kleuters (2 – 3 jariges), die middelgroepie (3 – 4 jariges) is in die Vissieklas by Jolandé en die oudste kleuters (4 – 5 jariges) is in die Papegaaiklas by Minette. Daar is ook twee voltydse assistente (Linky en Elsie) wat handjie bysit.
Die Goggaklas se kleuters het ‘n keuse om 2,3 of 4 dae per week skooltoe te kom; op Maandae, Dinsdae, Woensdae en Donderdae. Vissieklas- en Papegaaiklas kleuters geniet dit om elke weeksdag te kom speel en leer.

## TYE EN VAKANSIES

Speelgroepie tye is van 7:30 – 13:00.

Aflaaityd is van 07:30 – 08:30 sodat ons dan met die program kan begin. Daar is soggens vanaf 7:00 ‘n personeellid om kleuters te ontvang indien ouers verkies om vroeg reeds af te laai. Kleuters kan enige tyd tussen 12:00 en 13:00 afgehaal word. Indien daar dalk ‘n behoefte is, sal daar ‘n wagklassie van 13:00 – 14:00 beskikbaar wees. Dit moet asb vooraf met die personeel gereël word. Ons sluit saam met die publieke skole vir 4 vakansies deur die jaar. Daar is ook sommige langnaweke en dae rondom publieke vakansie dae wat die skole gesluit is, wat ons ook sluit.

## SPESIALE HEMPIES EN SPESIALE DAE

Ons het blou en pienk geborduurde Klein Sterretjies hempies wat spesiaal vir elke kleuter gemaak word. Ons trek almal op Maandae hierdie hempies aan, ook as ons op uitstappies gaan.

Ons reël vir elke kwartaal ‘n spesiale dag soos uitstappies, ‘n sportdag, instappies en elke jaar ‘n groot konsert. Ons wissel elke jaar die Mammadag en die Ouma-en-Oupadag af. In 2025 hou ons weer ‘n Mammadag. Hou ons jaarprogram dop vir die datums.

## DISSIPLINE EN STRUKTUUR

Daar is duidelike struktuur en roetine wat elke dag gevolg word, die kleuters voel veilig hier binne en weet wat van hulle verwag word. Ons handhaaf positiewe dissipline (aanmoediging eerder as straf) by die speelgroep en moedig kinders aan om gemanierd met mekaar en met die personeel om te gaan.

## ANDER HULP

Ons beskou dit ook as deel van ons werk om enige aspek rakende die kind waaroor ons trots is of dalk bekommerd is, met die ouers te bespreek. Indien ons dink dat dit nodig is dat ‘n arbeidsterapeut, spraakterapeut of einge ander professionele persoon die kleutertjies evalueer, sal ons die vrymoedigheid hê om dit aan jul oor te dra.

## PRAKTIESE REËLINGS

Elke kind moet asb sy eie tas of sak saambring. Elke kind bring sy eie kosblik met gesonde versnaperinge vir “broodjie-tyd” ongeveer 10:00. Elkeen bring ook sy eie waterbottel, verkieslik met ‘n uittrek-proppie en nie ‘n afdraai-prop nie. ASB MERK DIE KLEUTERS SE EIENDOM.

Moet asb nie blikkies of boksie-sap stuur nie, dit val om en mors te maklik.

Asseblief geen lekkers, koekies of “chips” in die kosblik nie, almal word lus en vra daarvoor.

Toebroodjies bly ‘n wenner. Vrugte, droë vrugte, kaas, biltong, soutkoekies, koue vleis of worsies is gesonder en kan gerus ingesit word. Ons kan ongelukkig nie jogurt toelaat nie – dit word te maklik deur ander kinders omgestamp en moet liefs by die huis geëet word.

Die kleintjies moet asseblief nie hul eie speelgoed saambring nie. Dit raak weg, breek en veroorsaak konflik omdat almal daarmee wil speel.

As daar ‘n spesiale teddie of kombersie is wat sekuriteit gee kan dit gerus saamkom terwyl hul nog aanpas by die nuwe omgewing. Siek kleuters moet asseblief nie speelgroep toe kom nie. ‘n Siek kind voel nie lekker nie, is geïrriteerd en wil nie speel nie.

‘n Loopneusie of ‘n ligte hoesie is gewoonlik nie ernstig siek nie en hul kan steeds speelgroep toe kom. Maar as ‘n kind koors het, ‘n maagvirus, ‘n kindersiekte, mangelontsteking of en ige ander aansteeklike siekte moet hul asb nie kom nie – hul kan maklik die ander aansteek.

Indien ‘n kind deur die loop van die oggend siek word, sal ons bel en laat weet sodat die kleuter kom haal word.

Pak asb ‘n stel of twee ekstra klere in die tas. Ons speel soms met water of bak modder koekies en kan nat word, ander glipsies gebeur ook nog maklik.

Kleuters op doeke moet asb ten minste 3 weggooi doeke en hul eie “wet wipes” saamstuur.

In die somermaande is dit baie warm. Smeer gerus die kinders met sonroom voor hul soggens skool toe kom. Stuur dalk ook ‘n sonhoed wat ons kan opsit as ons buite speel. Ons sandput het ‘n dak oor vir koelte en daars baie ander koelte plekkies waar die kinders ook heerlik kan speel op die warm dae.

Ons moedig kaalvoete aan. Dis gesond vir die voetjies se ontwikkeling en die skoene raak tog so maklik weg en deurmekaar. Kyk maar of die weer dit toelaat.

Elke gesin kan asb elke jaar die volgende vrywillige bydraes vir ons bring:

| | | |
|---|---|---|
| **Tissues** | **:** | **een pak per jaar** |
| **“Wet wipes”** | **:** | **vir vuil handjies en gesiggies – een pak elke kwartaal** |
| **Seuntjies** | **:** | **3 rolle toiletpapier vir die jaar** |
| **Dogtertjies** | **:** | **6 rolle toiletpapier vir die jaar** |

Baie dankie vir hierdie bydraes! Ons waardeer dit.

## BUITEMUURSE AKTIWITEITE

Daar word ekstra aktiwiteite deur buite persone aangebied en is nie ingesluit in die skoolfooie nie. Ons is baie ingestel op die regte rolmodelle vir ons kleuters, en kies daarom noukeurig die aktiwiteite en ook die persone wat dit kom aanbied. Ons oorlaai nie kleuters en ouers met te veel keuses nie, hierdie is vooraf uitgesoekte aktiwiteite wat ons kan aanbeveel.

### PLAYBALL

**Maandae: 12:00 – 12:30**

Henk en sy span afrigters fokus op al die verskillende bal-sportsoorte. Basiese balvaardighede word mooi vasgelê. “Children thrive in our fun-filled, high quality sport lessons. Creating a learning environment, which boosts confidence and selfesteem, is paramount.” Your child will be coached to engage confidently in a wide range of sport skills preparing them for years of positive and competent sports participation.”

www.playballkids.com

### LITTLE READERS

**Dinsdae 12:00 – 12:30**

Kleuters word op ‘n speelse manier blootgestel aan klankies en soos hul vorder ook aan woordbou.

www.littlereaders.co.za

### MUSIEK

**Woensdae: 12:00 – 12:30**

Anika is ‘n opgeleide musiekjuffrou met ‘n privaat musiekskool, ANIKANTÉ. Haar groepslessies vir kleuters is pret, leersaam en oefen ritme en luistervaardighede ook in.

www.anikante.com

anikantemusiekskool@gmail.com

### BALLET

**Donderdae: 12:00 – 12:30**

Liezel Marais Dance Academy

Liezel het ‘n wonderlike aanslag met die dogtertjies en hulle is mal oor haar. Verbeelding,luistervaardighede en grootmotoriese vaardighede word veral deur ballet ingeoefen.

www.liezelmaraisdanceacademy.co.za

### GEO SE STERRE

**Woensdae: 12:30 – 13:00**

Spesiaal vir die seuntjies. Aspekte van die belangrikste grootmotoriese boustene word ingeoefen en vasgelê. Middellynkruising, skouerversterking, beplanning en uithouvermoë is onder andere van die aspekte wat aandag geniet. Geo is ‘n entoesiastiese en goed gekwalifiseerde afrigter wat die mannetjies mooi motiveer.

Hierdie aktiwiteite is na 12:00 en meng nie in met ons klastye nie. Inskrywings en kostes kan op navraag verkry word.

## ONS PRENTJIES

Ons is baie lief daarvoor om prentjies te maak en dit word deur die kleuters self gedoen. Ons doel is nie om meesterstukke huistoe te stuur nie, maar om vaardighede en kreatiwiteit te ontwikkel. Daar word ook gefokus op die emosionele aspekte soos waaghouding, trots en interaksie met die ander maatjies terwyl ons werk. Beplanningsvaardighede en blootstelling aan verskeie sensoriese stimuli geniet ook aandag terwyl ons prentjies maak. Genoeg ruimte word toegelaat om kreatiwiteit te ontwikkel soos wanneer hul kan verf/plak/teken na vrye keuse. Daar word ook aandag gegee aan die ontwikkeling van spesifieke vaardighede soos inkleur, kopieëring en om prentjies volgens instruksies te voltooi.

Soms bak-&-brou ons en dan maak ons prentjies wat ons kan opeet!